

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

Opgerolde doeke

Die Skepper van hemel en aarde is 'n God van orde. Daarvan getuig sy skeppingswerk. Elke skepsel – lewend sowel as nie-lewend – het 'n eie plek en taak in God se groot skepping. Vir alles is daar 'n wetmatigheid. Niks gebeur per toeval of buite die weë wat vooraf deur God bepaal is nie.

Net soos die skepping van orde getuig, getuig die herskepping van Godgewilde en Godgegewe orde. Die Seun van God neem die gestalte van die mens aan. Hy word Seun van die mens, Middelaar. In sy Middelaar-wees onderwerp Hy Hom volkome aan die wil van sy Vader. Aan die kruis kan Hy verklaar: dit is volbring. Aan God se reg is voldoen. Die orde is gehandhaaf en herstel.

Ook die opstanding van ons Here Jesus Christus getuig van orde. Op Paassondag staan Christus uit die dood op. Nie in 'n warboel, oorhaastig, onordelik en chaoties nie. Die opstanding was geen haastige wegkom vanaf die dood en die graf nie. Dit was 'n majesteitlike oorwinning oor die dood en die graf.

Talle dinge, groot en klein, sommige opvallend en ander minder opvallend, getuig van Christus se koninklike optrede op Paassondag.

Een daarvan is die doeke waarin Christus begrawe is. Die evangelis Johannes (20:1-10) vermeld dat die doek wat om Christus se hoof was, nie by die doeke gelê het wat om sy liggaam gewikkel was nie. Die hoofdoek het eenkant gelê. Opgerol. Netjies, ordelik opgerol.

Soldate by die graf het in angs verwilderd weggehardloop toe die Christus opgewek is. Christus Self het geordend opgestaan. Die opgerolde doeke was 'n preek sonder woorde. Simon Petrus het die doeke gesien, die preek gehoor. Johannes het dieselfde preek aangehoor, dieselfde opgerolde doeke gesien – en geglo.

Die preek van die opgerolde doeke is een wat die kerk van Christus kragtig toespreek en aanspreek. Na dié preek moet met oop ore en ontvanklike harte geluister word, net soos na alle ander preke. Oorwinning oor die dood, bevryding van Sataniese magte en verlossing van ewige verlorenheid in die hel, en die nuwe lewe in Christus is 'n lewe van orde.

Dit gebeur al te maklik dat die vryheid in Christus 'n vrypas tot ongebondenheid is (1 Korintiërs 6:12-20). In menige kerkgemeenskap word vryheid

sodanig verkondig. Die Ou Testament is verby. Die tyd van die wet is verlede tyd. Nou is die tyd van genade en vryheid – so word beweer. Geniet van jou vryheid in Christus – so word verkondig.

Inderdaad moet die vryheid in Christus geniet en beleef word. Dit is 'n heerlike vryheid. Maar dit is altyd 'n vryheid met grense, 'n vryheid wat aan die liefdesgebod onderworpe is, 'n geordende vryheid. Anders is dit geen vryheid meer nie, maar bandeloosheid. En bandeloosheid stuur onvermydelik op dood en ontbinding af.

Die opgerolde doeke leer ons dat die opgestane Seun van God, net soos sy Vader, volgens orde werk. Waar orde heers, kom vrede (1 Korintiërs 14:33). Vir orde in die huwelik en die gesin, vir orde in die kerk en die skool, vir orde by die werk en in die samelewing moet die christen hom met inspanning van alle kragte beywer. So word die Paaspreek van die opgerolde doeke 'n preek wat nie net aangehoor is nie, maar een wat gedoen word. En dit is immers waaroor die lewe van die christen gaan: om nie alleen hoorders van die Woord te wees nie, maar doelgerigte daders.

GJM

INHOUD

1 Redaksioneel
Opgerolde doeke

2 Skrifoorndenking
'n Nuwe lied met nuwe klank
Ds JH Grobler

3 Aktueel
**Calvyn en Suid-Afrika:
tiende keer is skeepsreg**
Dr VE d'Assonville

6 Fokus
**Christus herskep die beeld van
God in die mens (1)**
Ds RA Bain

9 Kerkerf
**Die Messiasverwachting
en prediking uit die
Ou Testament (2)**
Ds HLJ Momberg

12 VGL Byeenkomste 2007

'n Nuwe lied met nuwe klank

Lees: Psalm 96

Sing ons vreugdevol oor die HERE se koningskap? Kán ons dit nog doen? Oor dié vrae gaan dit in Psalm 96. Psalm 96 is 'n gedeelte van 'n lied 'Loof die HERE', wat koning Dawid laat sing het toe hy die verbondsark van die HERE na Jerusalem laat kom het (1 Kronieke 16:23-33). Volgens die Griekse vertaling van die Ou Testament is Psalm 96 ook gesing toe die nuwe tempel in gebruik geneem is na Israel se terugkeer uit ballingskap. Dieselfde tema as in Psalm 24 kom hier aan die orde. Die HERE kom terug na sy woning, na sy troon en heerskappy oor Israel en al die nasies. Hy kom weer seënryk in die midde van sy volk woon. Daarom moet God se verbondsvolk sing. Al die volke van die aarde moet sing. Die hele skepping moet sing. Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied.

Die oproep om die HERE te eer

Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied;

Sing voor die HERE, o ganse aarde.

Sing tot eer van die HERE, loof sy Naam ... (vers 1 en 2).

God se verbondsnaam word gebruik: HERE. Dit is die God wat Homself aan Israel openbaar het, wat hier hartlik besing word. Daar bestaan nie twyfel oor die identiteit van God wat so uitbundig vereer word nie.

Maar dan val dit op dat God se verbondsvolk nie spesifiek by name in hierdie Psalm genoem word nie. Die *Verbondsnaam* van God word gebruik, maar die *verbondsvolk* – Israel – word nie spesifiek genoem nie. Juis dit is 'n belangrike punt van hierdie Psalm. Dit is deel van die *nuwe* waaroor hierdie Psalm sing. 'n Nuwe lied pas by die nuwe wat die HERE doen. Israel word hier nie by name genoem nie, want hulle moes die voorsangers wees in

die lofkoor wat die volke en die nasies oproep om die HERE te eer. Volke en nasies wat nie deel was van God se verbondsvolk nie, word nou opgeroep om vir die HERE te kom sing.

In Psalm 95 word Israel opgeroep om in die teenwoordigheid van die HERE te kom. In Psalm 96 is dit *al* die nasies wat opgeroep word. Israel moes voorsing:

Vers 1: 'Sing tot eer van die HERE o ganse aarde' – dit is ál die mense.

Vers 3: 'Vertel vir die *heidennasies* sy eer, vir *al* die volke van sy wonderdade.'

Vers 10: 'sê onder die *heidennasies*: die HERE is Koning.'

Die oproep dat die hele aarde die HERE in sy tempel moet eer mag miskien vir ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges algemeen klink. Maar juis dít is die spesiale van hierdie Psalm. Toe die Psalm gedig is, was Jupiter algemeen bekend as god in Asië, Europa en Afrika. Die ware godsdiens was alleen in Palestina onder Israel bekend. Net een nasie en een volk was die HERE se volk: Israel. Maar hieraan steur die digter van die Psalm hom nie.

Die digter steur hom nie aan menslike opinie en die universele stemreg van die mens om te bepaal wat reg is nie. Die ware godsdiens word nie bepaal deur die goedkeuring van die massa nie. As die ware godsdiens gemeet moes word aan die meeste mense se goedkeuring en hulle nukke, sou hierdie Psalm – en sy digter se oordeel – dadelik misluk het. Die mens is nietigheid in homself en alles wat van die mens kom, moet gewantrou word. So skryf Calvyn in sy kommentaar oor Psalm 96.

Die feit dat die hele aarde opgeroep word om tot eer van die HERE te sing, om offers te bring aan die HERE en in sy voorhof te kom, laai die lied dus met profetiese gewig.

Die nasies wat saam met Israel begin sing het, is veral die kenmerk van God se werk met die koms van Jesus Christus en die uitstorting van sy Gees. In Ou-Testamentiese taal word gesing van 'n tyd wat eers moontlik geword het nadat Christus gekruisig is en opgestaan het en sy Gees uitgestort was.

Twee redes

As die HERE kom om weer in die midde van sy volk te verkeer, kom die totale onmag van die volke se afgode aan die lig. Die HERE 'is gedug bo al die gode. Want al die gode van die volke is afgode, maar die HERE het die hemele gemaak' (vers 4 en 5).

Die woord *afgode* beteken letterlik 'nikse'. Hulle is 'nie's'. Neem die negatief in Afrikaans en maak daarvan 'n selfstandige naamwoord. Dit is wat die gode van die volke is. Dit is 'n minagtende woord en is in stryd met die menseregte-handves wat geen diskriminasie op grond van geloof leer. Só minagtend skryf die Heilige Gees oor die afgode van die volke; die Gees wat hierdie Psalm ingegee het.

Die tweede rede waarom die volke en nasies opgeroep word om 'n nuwe lied tot eer van die HERE te sing: 'Want die HERE regeer.'

In vers 2 lees ons: '... verkondig sy heil van dag tot dag'. Die woord vir verkondig is ons woord vir *evangelie*, die vreugdevolle nuus van Jesus Christus se koms. Maak die vreugdeboodskap van die HERE se verlossing elke dag bekend. Israel moes optree as vreugdeboodskapper van God se heil. Johannes die Doper, die wegbereider, gebruik hierdie woord (vreugdebode) later vir homself.

Ryk evangelie

Die inhoud van die vreugdeboodskap staan in vers 10: 'Sê onder die volke die HERE is Koning. Ook

staan die wêreld vas sodat dit nie wankel nie'. Baie duidelik gaan dit hier om die Koningskap van Jesus Christus. Dit is die inhoud van die vreugdevolle boodskap wat aan alle volke gebring moet word, naamlik dat die HERE deur sy Seun, Jesus Christus, regeer. Dit is die nuwe (vers 1) waarvan hierdie Psalm sing. Psalm 96 is dus niks anders nie as die evangelie van die koninkryk van die hemel waarvan daar al in die Ou Testament profeties gesing word. God doen nuwe dinge. Die nuwe wat Hy ná Israel se ballingskap gedoen het, was toe Hy weer in hulle midde kom woon het en sy woning herbou was. Maar met Christus se koms is dit finaal: dan kom die Koning van God, ons Here Jesus, wat ewige heerskappy ontvang het.

Teenoor die gode van die volke staan die Here Jesus Christus. Hy regeer oor alles, almal en altyd (Matteus 28:18-20). Aan Hom behoort alle mag. Christus het opgevaar in die hemel en sit aan die regterhand van God. Hy gee uitspraak in die stryd tussen volke (Psalm 96:6 Totiusberyming). 'Hy heers oor die wêreld met regverdigheid, oor die volke met

billikheid' (vers 13, 1983 AV). Die gevolg van die HERE Jesus se heerskappy is dat die aarde weer op vas te grond gestel word (vers 10).

Waar die gode aanbid word, kom lande in chaos – soos ons ook kan sien in die midde-ooste en by onself. Calvin skryf hieroor: solank mense se verstand deur goddeloosheid besit word, verkeer die wêreld in chaos, vreeslike wanorde en misbruik van gesag; alleen waar die mensdom teruggebring word onder die gesag van die HERE, word die aarde weer vasgestel. Waar die Here regeer, staan die aarde vas.

Oproep en opdrag

Uit die oproep om tot eer van die HERE te sing, vloei 'n opdrag voort: 'Sê onder die volke ...'.

Vandag het die mense vrede met jou solank jy net daar in jou hoekie sit en sê: die HERE regeer. Maar dit is nie wat hierdie Psalm sê nie. Psalm 96 sê: vertel dit, verkondig dit, praat daarvoor, sê dit onder die nasies; die HERE regeer (vers 10).

Dit is net hier waar die moontlikheid van konflik lê. Verkondiging van

Godsregering skep die moontlikheid van konflik met diegene wat nie in God glo nie en van Hom niks wil weet nie. Desnieteenstaande is dié verkondiging die krag van die Christen se getuigenis. En dit sál vrug dra. Psalm 96 gaan daarvoor dat die HERE die enigste God is en dat die nasies en die volke opgeroep word om Israel se God te prys.

Hy wat dus die afgode erken en daaraan meedoen dat afgode erkenning kry in die openbare lewe, in ons skole, universiteite en elders, het by voorbaat die verlossing van die aarde se volke prysgegee. Hy dink dalk hy is in die mode, maar is in werklikheid liefdeloos. Hy kan hierdie Psalm nie meer saamsing nie. Hy staan gevaar om homself te begin skaam vir die evangelie van Jesus Christus.

Mag dit steeds ons Psalmgesang, ons gebed en ons vastigheid wees te midde van die volke, hulle afgode en die wanorde van ons tyd: die HERE is Koning! Laat U koninkryk kom. So moet ons bid. As dit die HERE se wil is, sal Hy ons en ons kinders steeds tot sy eer laat leef en laat werk tot in lengte van dae.

Aktueel

Dr VE d'Assonville, Colesberg / Philipstown

Calvyn en Suid-Afrika: tiende keer is skeepsreg

Eintlik sou dit 2009 moes gewees het. Dit is immers in 2009 wat Calvyn herdenk gaan word. Sy geboorte – 500 jaar vantevore – op 10 Julie 1509 in Noyon, Frankryk, gee aanleiding tot internasionaal groeiende belangstelling in hierdie besonder begaafde dienskneg van die Here en dienaar van die Woord. Daarom die beplanning wêreldwyd vir belangrike Calvynherdenkings in 2009. Maar dit eindig nie daar nie. Want in 2010 word in 'n sekere sin een van die mees betekenisvolle Calvynherdenkings in die wêreld beplan: die Tiende Internasionale Calvinnavorsingskongres. Vir ons van só groot betekenis, want dit vind plaas in Suid-Afrika.

'n Internasionale Calvin-kongres in Emden/Apeldoorn

Maar laat ons 'n bietjie teruggaan na Emden, Duitsland, Augustus 2006. Die geleentheid was die Negende Internasionale Calvinnavorsingskongres¹ – 'n kongres wat gesamentlik aangebied was deur die Teologiese Universiteit van Apeldoorn en die Johannes a Lasco Biblioteek in Emden. Dit was 'n uitsonderlike byeenkoms op 'n hoë akademiese vlak. Meer as 100 Calvinnavorsers vanoor die hele wêreld het daaraan deelgeneem. Vyf kontinente was verteenwoordig, waaronder ook Afrika.

Maar eintlik begin die geskiedenis nog vroeër, 'n aantal jare

vantevore, sowat 35 en selfs meer jare. Aangemoedig deur dit wat hy op die Tweede Internasionale Luther-kongres in 1960 in Münster, Westfalen (Duitsland) en by die Derde Internasionale Luther-kongres, 1965 in Finland, gesien en beleef het, het die jong gereformeerde teoloog en Reformasie-navorsers van Münster, professor Wilhelm H Neuser, in 1972 die inisiatief geneem en in kontak getree met 'n Switserse kollega (prof Gottfried F Locher), 'n Duitse kollega (prof Hans-

¹ Congrès International des Recherches Calviniennes / Internationaler Kongress für Calvinforschung / International Congress on Calvin Research.

Helmut Esser) en 'n Nederlandse kollega (prof Doede Nauta) – almal op hulle eie erkende Calvin-navorsers.

'n Leemte was geïdentifiseer, 'n saadjie was geplant. Die dringende behoefte aan 'n forum waar die uitgesoekte en erkende Calvin-navorsers van alle kontinente kon saamkom om wetenskaplike diskussies oor die jongste navorsingsresultate te kan voer, moes geskep word. Die eerste kongres is gereël. Vir eers sou dit nog tot Europa beperk word; een gas uit die VSA was ook daar. In Amsterdam, by die Vrije Universiteit het dit plaasgevind. In 1974. Die kongresband met die navorsingsresultate wat by die kongres aangebied is, het in 1976 verskyn – die eerste in 'n reeks van onmisbare publikasies wat van toe af feitlik klokslag elke vier jaar verskyn het en waarsonder 'n mens – ook vandag nog – nie op hoogte van die stand van navorsing kan kom en bly nie².

Die VSA word betrek, en Suid-Afrika

Die daaropvolgende Calvin-kongres, vier jaar later, in 1978, was internasionaal in die ware sin van die woord. Vanaf lande oor die hele wêreld het navorsers daaraan deelgeneem. Dit het weer in Amsterdam plaasgevind. Weereens was die Vrije Universiteit die gasheer.

Aan professor Neuser se spesiale moeite tydens besoeke aan die VSA was dit te danke dat Amerikaners dié slag ook deelgeneem het – die gedagte (by sommiges, nie almal nie) dat die VSA op hulle eie hulle Calvin-navorsing kan beoefen sonder die direkte medewerking met en kruisbestuwing vanaf die (Europese) kontinent, was, ná moeitevolle en spanningsvolle gesprekke en bemiddeling, gelukkig nou iets van die verlede. 'n Grondslag was gelê vir samewerking wat vorentoe baie wins sou inhou.

Van nou af sou die Internasionale Calvin-navorsingskongres elke vier jaar iewers in die wêreld plaasvind. Ná die eerste twee in Amsterdam (1974 en 1978) het Genève gevolg (1982), toe Debrecen, Hongarye (1986), Grand Rapids, VSA (1990),

Edinburgh, Skotland (1994), Seoul, Korea (1998) en Princeton, VSA (2002). In 2006 was dit die eerste maal in Duitsland en wel in Emden.

Drie Suid-Afrikaners was in Amsterdam, 1978, deel van die kongres. Met elke daaropvolgende kongres sou Suid-Afrikaners uitgenooi word. 'n Uitvloeisel van die 1978-kongres was die streekkongresse wat letterlik wêreldwyd ontstaan het. In Suid-Afrika, met onder meer die ondersteuning van professore Neuser en Esser uit Duitsland, is die eerste Suid-Afrikaanse Calvin-navorsingskongres in 1980 in Pretoria aangebied. By alle daaropvolgende Calvin-kongresse (1984 – Potchefstroom, 1988 – Stellenbosch, 1992 – Bloemfontein, 1996 – Pretoria, 2000 – Potchefstroom, 2004 – Stellenbosch) sou internasionale Calvin-navorsers (onder andere prof Neuser) daaraan deelneem. In 'n sekere sin sou die buitelandse navorsers help instaan vir standarde op die Suid-Afrikaanse kongresse. Die gevaar van akademiese inteling moes verhinder word.

Emden en ons gereformeerde geskiedenis

Om terug te kom na Emden en die Internasionale Calvin-kongres in 2006. Behalwe vir die dag toe die hele kongres na Apeldoorn in Nederland gereis het, was dit Emden wat as die gasheerstad opgetree het, met die Johannes a Lasco Biblioteek wat die verhoog en die dekor vir die verrigtinge verskaf het.

Emden het 'n uitsonderlike staanplek in die geskiedenis van gereformeerde kerke. Saam met Londen was die gereformeerde gemeente in Emden (waar selfs 'n hooggeagte kerkhervormer van die faam van Johannes a Lasco vir 'n tyd lank as predikant gedien het) onder die bekendste van die sogenaamde vlugtelinggemeentes van die sestiende eeu – gemeentes wat ontstaan het as gevolg van die duisende gereformeerde vlugtelingen wat onder andere die Nederlande en Frankryk weens die Roomse vervolging moes verlaat.

Wesel, La Rochelle, Emden, Dordrecht, Westminster

As historiese hawestad in die Noordweste van Duitsland (teen die Nederlandse grens, op die Emsrivier en naby die Noordseekus), deel Emden egter met La Rochelle (1571), Wesel (1568), Dordrecht (1618-1619) en Westminster, Londen (1643-1649) 'n ander besondere verdienste – die verdienste naamlik dat die pleknaam in die kerkgeskiedenis 'n sinoniem geword het vir 'n baie belangrike gereformeerde sinode wat daar plaasgevind het. In Emden se geval was dit in 1571 wat die sinode sou plaasvind. 'n Mens kan dit as 'n eerste nasionale sinode vir die gereformeerde kerke in die Lae Lande beskryf. Hierdie *Sinode van Emden 1571* staan uit as 'n baken in die geskiedenis van gereformeerde kerke. Tydens dié sinode is onder meer die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelofenis as gemeenskaplike geloofsbasis vir die gereformeerde

-
- 2 NEUSER, W.H., Hrsg., 1976. Calvinus Theologus: Die Referate des Europäischen Kongresses für Calvinforschung vom 16. bis 19. September 1974 in Amsterdam. Neukirchen: Neukirchener.
- NEUSER, W.H., Hrsg., 1980. Calvinus Ecclesiae Doctor: Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 25. bis 28. September 1978 in Amsterdam. Kampen: Kok.
- NEUSER, W.H., Hrsg., 1984. Calvinus Ecclesiae Genevensis Custos: Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 6. bis 9. September 1982 in Genf. Frankfurt / Main: Peter Lang.
- NEUSER, W.H., Hrsg., 1988. Calvinus Servus Christi: Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 25. bis 28. August 1986 in Debrecen. Budapest: Presseabteilung des Rádaykollegiums.
- NEUSER, W.H., Hrsg., 1994. Calvinus Sacrae Scripturae Professor – Calvin as Confessor of Holy Scripture: Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 20. bis 23. August 1990 in Grand Rapids. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans.
- NEUSER, W.H. & ARMSTRONG, B.G., Hrsg., 1997. Calvinus Sincerioris Religionis Vindex – Calvin as Protector of the Purer Religion: Die Referate des Internationalen Kongresses für Calvinforschung vom 13. bis 16. September 1994 in Edinburgh, Scotland, Vol. XXXVI of Sixteenth Century Essays and Studies, General Editors: C.G. Nauert, Jr., & R.A. Mentzer. Kirksville, Missouri: Sixteenth Century Journal Publishers.
- SELDERHUIS, H.J., ed., 2004. Calvinus Praeceptor Ecclesiae: Papers of the International Congress on Calvin Research, Princeton, August 20-24, 2002. Genève: Librairie Droz.
- WRIGHT, D., LANE, A.N.S. & BALSERAK, J., ed., 2006. Calvinus Evangelii Propugnator – Calvin, Champion of the Gospel: Papers presented at the International Congress on Calvin Research, Seoul, 1998. Grand Rapids, Mich.: Calvin Studies Society.

kerke aanvaar. Daarmee saam is erkenning verleen aan die Franse Belydenis (die *Confessio Gallicana*, ook bekend as die *Belydenis van La Rochelle*, dit is die *Confession de La Rochelle*) – waarop die Nederlandse Geloofsbelijdenis (*Confessio Belgica*) op sy beurt in 'n groot mate berus.

Geen oorheersing

Emden 1571 is veral bekend daarvoor dat die beginsels waarop ons kerkreg gegrond is – soos ons dit ken as vasgelê in die Dordtse Kerkorde van 1618 en later – reeds daar, aan die Ems, in 1571 hulle beslag gevind het. Kenmerkend vir die betekenis van hierdie sinode was die volgende besluit: *Geen kerk (gemeente) sal oor 'n ander kerk (gemeente), geen dienaar van die Woord, geen ouderling, geen diaken sal oor 'n ander heerskappy voer nie, maar elkeen sal waak teen alle agterdog en versoekings om heerskappy te voer ...*³.

Weer 2006

Interessante temas wat verlede jaar by die 2006 Internasionale Calvin-kongres aan die orde gekom het, was onder meer 'Luther en Calvin, één Reformasie' en 'Emden, Genève van die Noorde'. Hoofreferate wat die verbeelding aangegryp het, was een oor die ontwikkeling en verskillende aksente in Calvin se nagmaalsdenke (behandel deur prof Wim Janse van Leiden/Amsterdam) en een oor die teologie van Calvin soos dit na vore tree in sy vertalings van die Bybel (deur dr Peter Opitz van Zürich). Ander interessante onderwerpe wat onder meer aangespreek is, was die nuutste Roomse Calvin-navorsing en Calvin se invloed in Latyns-Amerika.

Met ds Eric Kayayan (Gereformeerde Kerk Rietvallei en *Foi et Vie Réformées*) se akademiese hantering van die primêre bronne het Suid-Afrikaanse navorsing positiewe blootstelling ontvang. Sy seminaar, wat hy op uitnodiging van die organiseerders aangebied het, oor Calvin se gebruik van figuurlike taal as leidraad tot sy teologiese uitdrukking, was baie geslaagd en het van sowel Franse as Switserse en Duitse kant positiewe reaksie ontlok.

Calvin in Afrikaans

Die kongres het aan wetenskaplikes geleentheid gebied om op hoogte te kom van die nuutste navorsingsresultate wêreldwyd. Ook is besin oor die rigting wat ingeslaan moet word om in die toekoms in pas te bly met wêreldstandaarde. Daarby is kennis geneem van projekte op verskillende kontinente, byvoorbeeld in Japan om die Geneefse Psalmmelodieë te bevorder en in Suid-Afrika om Calvin se kommentare in Afrikaans en Sesotho te vertaal. Wat laasgenoemde betref het prof Fanus Postma reeds ver gevorder met die vertalings in Afrikaans (navrae kan gerig word aan prof Britz by britzrm.hum@ufs.ac.za). Veral belangrik was die voortgesette koördinerende vir die nuwe tekskritiese uitgawe van al Calvin se werke – 'n projek wat sowat twintig jaar gelede onder toesig van die *Praesidium* van die Internasionale Calvin-navorsingskongres geloods is en wat allerweë reeds wêreldwye erkenning geniet.

Calvin – 2009?

Met soveel belangrike internasionale Calvin-navorsers op een slag bymekaar, was dit geen verrassing dat die toekomsvraag, die vraag oor 2009, nie net op die program was nie maar dat daarvoor ook 'n opwindende diskussie plaasvind het. Hoe sien die Internasionale Calvin-navorsingskongres 2009? Wat beplan die internasionale wetenskaplikes, waaronder teoloë, met die oog op die naderende herdenking van Calvin se geboortejaar? Wat doen gereformeerdes oor die hele aardbol – daaronder ook die Engelssprekende Presbiteriaanse wêreld? Hoe gaan ons in die 'Calvin-jaar' aan die historiese betekenis van Calvin laat reg geskied? Terwyl ons immers die beskikking van die Here, die voorsienigheid van ons hemelse Vader in Jesus Christus bely – ook deel van ons belydenis waarop Calvin baie klem gelê het – sluit dit die belydenis in dat die Here in sy voorsienigheid (Heidelbergse Kategismus Sondag 9 en 10) mense in sy diens gebruik. Hoe gaan reg geskied laat word aan die 500-jarige

herdenking van die geboortedag van iemand waarsonder die ontwikkeling van die wêreld, spesifiek die Westerse samelewing, ondenkbaar is? Iemand wat as geniale denker in dieselfde asem as Leonardo da Vinci, Copernicus, Galileo Galilei, Luther, Bach, Mozart, Beethoven of Einstein genoem sou kon word – in elk geval wat denkkrag betref. Iemand waarsonder die kerkgeskiedenis, ja die bestaan en inslag van gereformeerde kerke wêreldwyd, onvoorstelbaar is. Iemand waarsonder selfs die staatsteorie van die Westerse wêreld nie voorgestel kan word nie.

'Hollywood?' of 'Holy Word?'

Ná die opweeg van vele moontlikhede, ook ná die berigte van bykans al die kontinente van wat daar beplan word (van films, musiekkonserte, gedenkredes tot strokiesprente), het daar uiteindelik in die hawestad Emden, die stad waar die 'eerste gereformeerde sinode' van ons voorouers in die Lae Lande in 1571 plaasgevind het, 'n eenstemmige gevoel geheers. Om net fees te vier, om net te 'gedenk', is nie genoeg nie. 'n Mens sou met goeie rede kon aantoon, só iets sou juis téén die sin en bedoeling van Calvin self wees. Hyself wou maar net as dienaar die evangelie, God se Woord, die Heilige Skrif, uitlê en uitdra. Hy wou nie eers 'n graf hê waarheen ondersteuners (verkeerdelik) later pelgrimsvaarte sou onderneem nie. Die mens moet minder word, Christus meer.

Feesvier of navorsing?

Daarom, só het die deelnemers aan die Calvin-navorsingskongres geoordeel, sou met 'n Internasionale Navorsingskongres in 2009 miskien, ter wille van feestelikeheid, te veel ingeboet moet word. Die navorsing sou op die agtergrond geskuif word. Word Calvin gedenk, of wil die mense hulleself vier? Dít is uiteraard 'n wesentlike gevaar waaraan die mens nooit kan ontkom nie. Behalwe vir die addisionele probleem dat 2009 reeds volgelaai is met internasionale

³ Vgl. Acta van de Nederlandsche synoden der zestiende eeuw, red. F.L. Rutgers. 1889. Utrecht. p. 55.

seminare, kongresse en simposiums het die Internasionale Calvin-navorsingskongres dus besluit om by die gewone frekwensie van een kongres elke vier jaar te bly, om steeds die klem op die teologiese en historiese navorsing te laat val, en om daarom die volgende Internasionale Calvin-navorsingskongres in 2010 aan te bied. Die eerste van sy soort in Afrika; die eerste van sy soort in die suidelike halfgrond; die eerste van hierdie omvang in Suid-Afrika.

Sentrum vir Klassieke en Reformatoriese Studies

Die voorstel dat die aanbod deur die Sentrum vir Klassieke en Reformatoriese Studies (Bloemfontein) aanvaar word om die volgende kongres aan

te bied, is eenstemmig deur die meer as 100 Calvin-navorsers, afkomstig uit vyf kontinente aanvaar. Trouens, dit het groot byval onder kongresdeelnemers gevind. Die drie Suid-Afrikaanse deelnemers aan die kongres, prof Dolf Britz van Bloemfontein, ds Eric Kayayan (Gereformeerde Kerk Rietvallei, Pretoria) en dr Victor d'Assonville (Gereformeerde Kerke Colesberg en Philipstown) is oorval met belangstellende navrae. 'n *Powerpoint*-aanbieding met inligting oor Suid-Afrika, met 'n omskrywing van die kongres- en fasiliteitmoontlikhede, tesame met die rig van 'n amptelike uitnodiging na Suid-Afrika vir 2010 aan Calvin-navorsers uit Europa, Noord- en Suid-Amerika, sowel as Asië, moes inderhaas voorberei word om nog

voor die einde van die kongres aangebied te word. Aptyt is vir Suid-Afrika gewek en 'n voorsmaak van blootstelling aan Afrika is geskep. Een voorwaarde was deurentyd voelbaar en hoorbaar: primêre navorsing op hoogste vlak mag nie gekompromitteer word nie. Ook in Afrika-navorsing moet Calvin in die oorspronklike – hetsy Latyn of Frans – gelees word. Afrika mag nie 'n verskoning wees vir tweederangse navorsing of teologie nie. Ook teologie moet, in die woorde van Calvin, altyd *coram Deo* – voor die aangesig van God – geskied, tot God se eer alleen.

Volgende jaar in Jerusalem

Die Joodse afskeidsgroet 'ons sien mekaar volgende jaar in Jerusalem' is bekend. In Emden, Augustus

Fokus

Ds RA Bain, Potgietersrus-Wes

Christus herskep die beeld van God in die mens (1)

Buite sowel as binne die kerk word daar oor die vrou en die verhouding tussen man en vrou wyd gedink en gespekuleer. In al die spekulasies lê daar blykbaar 'n soeke na selfverstaan opgesluit. Die mensdom se soeke na selfverstaan is uiters tragies, omdat hulle die eerste deel van ons wysheidskennis vergeet waarvan Calvin die kerk so mooi geleer het in die begin van sy Institusie, naamlik dat byna die eindtotaal van ons wysheid geleë is in die kennis van God en onself¹. Dis dié dat Calvin net 'n entjie verder skryf dat die mens homself nooit sal ken as hy nie eers die aangesig van God aanskou het nie².

Om dus van selfbeeld te praat sonder om oor die Godsbeeld te besin, sal die mens nooit by die kennis van homself uitbring nie. Hierdie soeke na selfverstaan is egter van groot belang aangesien die kerk daardeur geraak word in haar gesprekke op alle vlakke. Die hartseer is dat, terwyl daar

agter baie standpunte die soeke na selfverstaan skuil, die kerk nie hoef te soek na selfverstaan nie. Die kerk hoef slegs die openbaring te ondersoek waardeur ons tot selfkennis kom. Daarom kan die verborgenheid in die Skrif rakende die mens se beeldskap van God (*imago Dei*) nooit te veel aandag kry nie. Aan die hand van twee artikels word die betekenis van die vrou se hulpskap in die lig van haar beeldskap ondersoek.

Die mens wat in sonde geval het, word in Christus weer vernuwe na die kennis van die beeld van sy Skepper³. Hierdie herskepping is nie die blote restourasie van die paradys-mens nie, maar dit is ook die voleinding van die mens as beeld van God⁴. Die voleindingswerk van Christus kan egter nie verstaan word as ons nie by Adam en Eva begin nie.

Beeld en gelykenis

Om gelykvormig te word aan die beeld van Christus moet in die lig

van Genesis 1:26 en 27 verstaan word: 'En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ... en God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape'.

Karl Barth wil in die 'Ons' van Genesis 1:26 hoogstens die gemeenskaplikheid van God erken. Gevolglik beskou hy die mens se beeldskap as die blote uitdrukking van gemeenskaplikheid⁵. Gereformeerdes wys egter daarop dat Genesis 1:26 inderdaad die eerste openbaring is wat op die Drie-eenheid dui⁶. Dit

1 Institusie 1.1.1

2 Institusie 1.1.2

3 Kolossense 3:10

4 Ridderbos, 1960, Commentaar op Efesiërs, p. 213.

5 Barth lê die klem besonder sterk op die beeld as relasie of die sogenaamde *analogia relationis*. Daarom is die vermelding van die onderskeid tussen man en vrou vir hom die sleutel om die mens se beeldskap te verstaan as God wat nie alleen is nie en die mens wat ook nie alleen is nie. Om na God se beeld geskape te wees beteken vir Barth dat God die mens geskape het as man en vrou met 'n onderskeid en 'n betreklikheid (*Unterscheidung und Beziehung*).

6 Aalders, 1972. Korte verklaring van de Heilige Schrift: Genesis, p. 96

is belangrik dat die openbaring van die Drie-eenheid en die openbaring oor die mens se beeldskap saamval. Hieruit volg logies dat die mens na die beeld en gelykenis van die Drie-enige God geskape is.

Sommiges is versigtig om die mens die beeld van God te noem. Die voorsetsels wat in die Hebreeus gebruik word dui vir Aalders daarop dat die mens self God se beeld is⁷. Daarom maak dit geen verskil om te sê dat die mens God se beeld vertoon of self God se beeld is nie. Slegs God se beeld kan sy beeld vertoon. Die apostel Paulus noem die man (die vrou is daarby ingesluit) direk die beeld van God⁸.

Beeldskap en die tweede gebod

Wat beteken beeld en gelykenis? Gereformeerde teoloë is dit redelik eens dat daar nie 'n wesenlike onderskeid tussen beeld (*tselem*) en gelykenis (*demuth*) is nie⁹. Omdat die Skrif sy eie uitlegger is, is dit van belang dat hierdie selfde woordpaar weer in die tweede gebod teruggevind word¹⁰. Die tweede gebod is die openbaringsgebod. Die mens mag geen beeld of gelykenis van God maak nie, want God laat Homself nie uitbeeld nie. Hy laat Hom nie interpreteer nie. Anders gesê: die mens mag God nie probeer openbaar nie. Hy openbaar Homself. Beeld en gelykenis moet dus in die lig van die tweede gebod verstaan word as God se openbaring van Homself.

Ons bely egter ook dat God Homself in die ganse skepping openbaar¹¹. God openbaar sy ewige krag en goddelikheid¹². Die skepping wat God se almag en heerlijkheid verbeeld is egter nie die beeld van God soos die mens dit is nie. God se openbaring deur die mens was 'n besondere openbaring. Die mens was die lewende uitbeelding wat God van Homself gemaak het. Die mens was geen dooie standbeeld nie, maar 'n getroue en lewende beeld van God.

Enger en ruimer?

Met die sondeval het die mens sy beeldskap verloor. Dogmatici het van die beeld in 'n ruimer sin gepraat om

aan te dui dat daar na die sondeval iets oorgebly het van die mens as beeld van God. 'n Mens sou ook kon sê dat reste van die beeld na die val oorgebly het. Die reste kan gesien word in sekere eienskappe wat die mens nog het soos redelikheid, selfbewustheid en kultuur. Calvyn het ook in dié rigting gedink as hy in sy Institusie skryf dat die beeld nie volkome tot niet gemaak is nie, alhoewel die oorblyfsels daarvan verskriklik misvorm is¹³.

Vanuit so 'n invalshoek kan die verwarring ontstaan dat beeldskap en mensskap sinoniem is, dat die beeldskap aan die mens se besondere gawes en eienskappe gekoppel is. Die teendeel blyk egter waar te wees indien beeldskap en *verbond* nie los van mekaar gesien word nie. Prof K Schilder, wat alle erns maak met die totale verdorwenheid van die mens, wil die klem eerder daarop plaas dat die kerk in Artikel 14 NGB bely dat daar oorblyfsels van die voortrefflike gawes oorgebly het¹⁴.

Volgens Schilder is daar geen sprake van dat ons oorblyfsels van die beeld bely nie. Daar is volgens hom wel oorblyfsels van die uitnemende gawes¹⁵. Ursinus skryf ook dat die heerlike beeld van God in die mens getransformeer is tot 'n verfoeilike beeld van Satan. Al het die mens steeds mens gebly en al het daar brokkies van die uitnemende gawes oorgebly, het die beeldskap self totaal tot niet gegaan. Die totale korruptie van die mens beteken juis dat die beeld van God totaal vernietig is.

Amp, gemeenskap met God

Mens-wees beteken dus nie outomaties beeld van God nie. Die mens sonder God se beeldskap voer 'n bestaan vir die hel. Beeld van God wees is nie kwaliteite of eienskappe of gawes nie, maar dit is amp¹⁶. Al sou beeldskap beteken dat die mens sekere eienskappe vertoon, is die beeldskap in sigself nie daarin geleë nie. Du Rant stel dat die mens se beeldskap nie 'n menslike besit of 'n inherente kwaliteit is nie, maar dat God die mens tot sy beeld stel en verklaar¹⁷.

Artikel 14 NGB verhelder hierdie

saak wanneer die kerk bely dat die mens, wat na God se beeld geskape is, sy uitnemendheid nie besef het nie. Deur die gebod van die lewe te oortree het hy homself van God, wat sy ware lewe was, losgeskeur en sy hele natuur verderf. Lewe moet in Artikel 14 as 'n verbondsbegrip verstaan word. Lewe is gemeenskap met die lewende God. Deur die sonde is die mens van God vervreem. Daarom kan hy nie meer beeld van God wees nie, maar beeld van Satan – soos Ursinus dit so sterk stel.

Wanneer Vriezen in sy behandeling van die Ou Testament die mens se beeldskap hanteer, beskryf hy dit as die sekerheid van die gemeenskap van die heilige 'gans andere' God met die mens, God se skepsel¹⁸. Berkhouwer lê die klem sterk op die Vader-kind gemeenskap as die uitdrukking van ons beeldskap¹⁹. Beeldskap is dus nie eerstens gekoppel aan eienskap nie, maar aan gemeenskap. Die bron van beeldskap is die verbondsverhouding met God. God openbaar Homself nie net aan die mens in die verbond nie, maar ook *deur* die mens in die verbond. Beeldskap is die hoogste menslike

7 Aalders, 1932. De Goddelijke openbaring in de eerste drie hoofdstukken van Genesis, p. 302.

8 1 Korintiërs 11:7.

9 Vriezen, 1977. Hoofddlijnen der Theologie van het Oude Testament, p. 189. Aalders, 1972. Korte Verklaring der Heilige Schrift: Genesis, p. 96.

10 Berkhouwer, 1957. De Mens het beeld Gods, p. 82,85. Hy wys op die diepe samehang tussen die mens as beeld van God en die tweede gebod en dat daar 'n duidelike korrelasie tussen die tweede gebod en die mens se beeldskap is.

11 NGB 2

12 Romeine 1:20

13 Institusie 1.15.4

14 Schilder, 1948. Heidelbergsche Catechismus, p. 295.

15 Genesis 9:6 word beskou as 'n bewysplaas dat daar tog iets van die mens se beeld oorgebly het. Dit blyk egter dat die klem daarop val dat God die mens, wat na sy beeld geskape is, red en genadig is en dat God daardie beeld weer gaan herstel. Die bedoeling is dus nie om aan te toon dat die beeld nog bestaan nie, maar dat dit wel bestaan het. Sien ook Schilder se bespreking in sy kommentaar op die Heidelberg, p. 296-300.

16 Schilder, 1948. Heidelbergsche Catechismus, p. 294.

17 Du Rant, 1982. Skepping, Mens, Voorsienigheid, p. 164.

18 Berkhouwer, 1957. De mens het beeld Gods, p. 189.

19 Berkhouwer, 1957. De mens het beeld Gods, p. 120,123.

amp wat alleenlik in gemeenskap met God kan bestaan²⁰.

God se inwoning

Die aard van hierdie verbonds-gemeenskap, waardeur God homself in die mens openbaar, word nog duideliker as daar aan die inwoning van God gedink word. Die panenteïsme beweer dat God in die hele natuur woon, terwyl die kerk bely dat die Heilige Gees die hele natuur onderhou, maar slegs in die mens inwoon.

Dit sou ondenkbaar wees dat die Heilige Gees nie ook volkome in Adam gewoon het nie. Die mens as beeld van God is – om 'n beeld te gebruik – dus nie die son nie, maar 'n planeet. En tog ook nie 'n planeet wat die lig van God se openbaring van buite af weerkaats nie. Hierdie lig kom van binne. Dit kom vanaf die lewende gemeenskap met God wat in die mens woon deur sy Gees. God verbeeld Homself vanuit die mens.

Hierdie verhewenheid sny egter ook enige gedagte van die mens as *mikro-theos* (klein-god) teen die wortel af. Vriezen wys daarop dat beeld en gelykenis juis gekies is omdat dit enersyds die onderskeid tussen God en mens aantoon, maar andersyds ook die noue relasie²¹. Die onderskeid is dat die mens nie mede-openbaarder is nie. Die openbaring van God in die mens lê juis in die gehoorsame verbondsgemeenskap met Hom.

Die mens leef nie los van God of openbaar God sonder die Heilige Gees se inwoning nie. Om beeld van God te wees beteken nooit om gelyk aan God te wees nie. Die kind bly altyd kind.

Verteenwoordiger van God?

In dieselfde lig moet die woord *representant* beskou word. Heelwat gereformeerde teoloë²² beskou die mens so. Die waarheid is egter dat die mens nooit verteenwoordiger van God kan wees in dié sin dat hy in God se plek staan of dat God nie teenwoordig is nie. Die mens kan ook werklik niks namens God doen nie, asof God iets wou doen, maar dit aan die mens sou oorgee.

Die herstellende mens is geen

plaasvervanger vir God nie. Die mens doen niks námens God nie, maar wel alles vir Hom. Die mens is nie mede-openbaarder nie; God openbaar Homself in die mens en vanuit die mens. Oral waar die nuwe mens God se beeld vertoon, is God deur sy Gees besig om Homself te openbaar. Representant moet dus dui op sigbaar-maak, nie op plaasvervanger-wees nie. God openbaar Homself sigbaar in sy beeld.

Om saam te vat: die mens was beeld van God gewees. Die mens het nie net God se beeld vertoon of gedra (dink aan die dikwels gebruikte term beelddraer) nie, maar was dit. Lukas noem Adam daarom God se seun²³. Beeldskap is nie inherente kwaliteite nie, maar dit is geleë in die mens se lewende verbondsgemeenskap met sy Vader. So het God Homself voor die sondeval deur die mens besonders en volmaak geopenbaar deur die werk van die Heilige Gees in die mens.

Herstel van gemeenskap

Na die sondeval word die herstel van die beeld juis daarin gesien dat Christus, wat uit die boesem van die Vader kom, die gemeenskap met God herstel deur die Vader aan die mense te openbaar²⁴. Christus gee aan die mens die ewige lewe terug deurdat die mens God weer kan ken²⁵. In die Heilige Gees, wat volkome op Christus rus²⁶ nadat Hy gedoop is, sien 'n mens die volkome gemeenskap tussen Christus en sy Vader. Wie vir Christus gesien het, het ook die Vader gesien²⁷.

Christus as die Beeld van die onsienlike God²⁸ dui op die Seun as die Beeld van die Vader van ewigheid af. Hy is egter ook na sy mensheid die beeld van God. Christus is na sy mensheid wat Adam was; en ook nog meer. Die beeld word nie deur Christus se werk verander nie, maar herstel en voleindig. Die vernuwingsbedoel die wederoprigting van die beeld van God in die sondaar waarby Christus, as die Beeld van die onsienlike God, die bron en norm is²⁹.

Die Heilige Gees maak nie 'n splinternuwe, ander mens nie. Hy wederbaar die mens om opnuut beeld van God te wees. God het

die mens bestem om aan die beeld van sy Seun gelykvormig te word³⁰. God het die mens bestem om volmaak te wees soos wat Hy ook volmaak is³¹. Hierin word die diepe sin van ons beeldskap onthul³². Hierin lê die ontsaglike wonder dat God die volmaakte gemeenskap tussen Hom en die mens nie afgee nie. Hy herstel dit, omdat die mens na sy beeld geskape is.

Mens se verhewenheid

Alle vorme van antroposentrisme (mensgesentreerdheid) word hiermee afgewys. Die mens is nie selfgerig nie, al is hy selfbewus. Die mens se selfkennis lê opgesluit in sy kennis van God. Wat 'n verborgenheid! Die mens leef gerig op die Een wat in hom woon deur sy Gees. Die mens leef gerig op die Een Wie se beeld hy is. Daarom dink humanistiese menseregte so klein van die mens omdat dit met inherente kwaliteite werk wat kwansuis aan die mens sy menswaardigheid gee. Die Woord skat die mens se waarde oneindig hoër as dit.

Selfbeeld en selfverstaan kan nie sonder beeldskap nie. 'n Selfbeeld is net goed as dit die beeld van Christus is. Die mens wat so selfbehep is en tot hoogmoed geneig is, verstaan nie die verhewenheid waartoe God ons in Christus herstel nie. In die ou mens se grootdink van homself dink hy eintlik niks van homself.

Die mens kan homself net bedink as hy begryp wat dit beteken om beeld van God te wees. Die mens kan sy verhewenheid net bely as hy

20 Die Heidelberger se kennis, liefde, geregtigheid en heiligheid van vraag en antwoord 6 is nie eienskappe nie, maar die inhoud van die verbondsverhouding. God skep die mens om Hom in geregtigheid en heiligheid te ken en lief te hê en gevolglik is die mens die beeld van God.

21 Vriezen, 1977. Hoofdlinies der Theologie van het Oude Testament, p. 189.

22 Schilder, Berkhouwer, Heyns

23 Lukas 3:38

24 Johannes 1:18

25 Johannes 17:3

26 Johannes 1:33

27 Johannes 14:9

28 Kolossense 1:15

29 Honig, 1938. Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek, p. 248.

30 Romeine 8:29

31 Matteus 5:48

32 Berkhouwer, p. 120

weer besef waartoe hierdie lewende gemeenskap hom roep: om volmaak te wees soos wat sy Vader volmaak is.

In lyn hiermee kan die mens net die onderskeid tussen man en vrou begryp wanneer dié onderskeid in die lig van die mens as beeld van God gesien word. Daarvoor handel

die opvolg-artikel: oor die betekenis van beeldskap vir die verhouding tussen man en vrou – en spesifiek vir die vrou se hulpskap.

Kerkerf

Ds HLJ Momberg, Pretoria – Die Kandelaar

Die Messiasverwagting en prediking uit die Ou Testament (2)

In 'n vorige artikel¹ is enkele kritiese opmerkings gemaak ten aansien van die eerste deel van prof van Rooy se artikel in *In die Skriflig*² waarin hy verantwoording doen van sy standpunt insake die Messias in die Ou Testament. Daar is die gevolgtrekking gemaak dat sy antwoord teen die klag oor die verwydering van Christus uit die nuwe Psalmomdigting daarop neerkom dat die omdigters nie die Messias daaruit verwyder het nie. Eintlik kón hulle Hom nie daaruit verwyder nie, want eintlik wás Hy nie 'oorspronklik' daarin nie! Presies dít is die leerstellinge beskouing van die Skrifte van die Ou Testament waarteen die klagtes by die verskillende afgelope sinodes en in die kerke aangebied word.

In hierdie artikel word die kritiese bespreking voortgesit. Daar word met name gefokus op die wyse waarop prof van Rooy sy standpunt ten opsigte van die prediking op die profesie van Haggai toepas.

Messiaanse verkondiging van die Bybel

Net soos die saak van die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testamente, is die saak van die Messiaanse verkondiging van die Bybel 'n sentrale tema wat in die geskiedenis van die teologie groot aandag gekry het. Enkele hoofmomente word uitgelig.

Daar is basiese vertrekpunte wat by die vasstelling van die Messiaanse verkondiging in die Bybel in berekening gebring moet word:

- Die Messiaanse verkondiging trek in die heilshandelinge van God met die mens saam. Dit is: hoedat Hy die in sonde gevalle mens deur versoening verlos; hoedat Hy met die verlore sondaar-mense verkeer deur lewendmaking, vergadering, bystand, onderhouding, vertroosting, tugtiginge, beproewinge, toerusting en beskerming; hoedat Hy hierdie skepping na die voleinding en die uiteindelijke verheerliking daarvan bestier. In kort: hoedat God sy barmhartigheid, sy geregtigheid en sy koningskap openbaar.
- Kragtens die nature van die Messias sal die Goddelike en menslike aspekte altyd in die Messiaanse openbaring in die Bybel verpak wees. Byvoorbeeld: die beperkings wat daar uit die hiperboliese (oordrewe) uitdrukkings na vore kom, sodat die dinge wat daar geskryf staan onmoontlik geheel op Dawid, of iemand anders van toepassing kon wees. Die bekende voorbeeld uit Jesaja 7:14, wat deur Sinode 2003 genoem is, is hier ter sprake. Hier is van 'n maagd sprake. 'n Maagd is 'n *ha'almah*, 'n vrou wat gereedheid bereik het om te kan trou. Dié maagd sal volgens die profesie swanger word en 'n seun baar. Sy sal Hom *Immanuel* (God met ons) noem. Die woordkombinasie van hierdie vers is in sy samehangende betekenis van so 'n aard dat dit eenvoudig nie net so op 'n gewone persoon van toepassing kon wees nie.
- In die verkondiging van die Messias het God in die Bybel 'n volle historiese verloop laat plaasvind, waarin die ryk van die Antichris saam met die ryk van Christus tot volle ontwikkeling sal kom en op 'n finale ontkenning afstuur. Hierin vervul die moederbelofte van Genesis 3:15 'n sentrale grondmotief.
- Die Messiaanse verkondiging is die sleutel wat die verskillende historiese momente, skaduagtige afbeeldings, seremonies en wysheid, lief en leed van God se handele met sy mense sin gee. Dit roep na die eerste koms van Christus na die aarde en laat ons uitsien na sy wederkoms.
- Die Messiaanse verkondiging lê dus nie alleen opgesluit in die historiese optrede van bepaalde persone as sulks nie, maar veral in die Godshandele in en deur, vir en met daardie persone.
- Die grondbeginsel waarop die Messiaanse verkondiging rus is die kennis dat God in al sy handele in sy drie-enigheid optree en dit in die besonder ook so vir ons in Christus tot ons heil laat toekom. Wie die reële, aktiewe teenwoordigheid en optrede van die Messias in die Ou Testament ontken, tas die geloof in die drie-enige God aan.
- Die Messiaanse optrede en verkondiging van God in die Ou Testament is die geopenbaarde

¹ *Waarheid en Dwaling*, Februarie 2007

² *In die Skriflig*, 39(3) 2005:615-630

heilsindikatief waarop die verkondiging, die toerusting, die bemoediging, maar ook die vermanings en bedreigings van die Ou Testament rus. So neem die inleiding tot die tien gebooië 'n onontbeerlike plek in om die Messiaanse krag en betekenis van elke gebod na regte te kan bepaal (Calvyn Institusie 2.8.15).

- Waar die werk van die Messias soms op 'n voorafskaduwende manier in die optrede van individuele persone in die Ou Testament openbaar word, kom dit ondanks die sondige aard van daardie mense na vore dat daar die voortstuwende soeke is, en daarmee saam die belofte opgesluit lê, dat die ware en enigste Messias nog moes kom. Tog word die werksame Gees van Christus in die optrede van en met daardie persone herken. Die wyse waarop Calvyn die Messiaanse verkondiging in die Ou Testament in sy Institusie (die geheel van sy tweede boek, maar veral 2.6.2-4 en 2.10) verduidelik, is verrassend en merkwaardig. So byvoorbeeld kon Calvyn in sy kommentaar op Genesis 27:27 in aansluiting by Ambrosius se allegorie, die belangrike plek insien wat die verwerpe Esau (as skaduwee van ons Eersgebore Broer) ingeneem het om Jakob die heilsbeloftes by sy vader Isak te kon laat ontvang. Christus is ons Eersgebore Broer in wie se aangename kleed, en deur wie se geur alleen – nie in ons eie toestand of deur ons eie verdienstes nie – ons erfgename van die genade kan word.
- Die eintlike Messiaanse verkondiging van die Ou Testament word in en deur die heilsdade deurgaans gevind in die heils-boodskap (dogma) van die verskillende wyses en geleenthede waarin God deur die profete tot die vaders gespreek het (Hebreërs 1:1). Dit ontvou al sterker in die openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Daarom moet nie alleen alle moeite gedoen word om die werklike historiese aspekte van die teks van die Ou Testament so waarheidsgetrou as moontlik in vertalings en omdigtings te behou nie, maar ook om dit behoorlik as sodanig in die prediking te verantwoord, sodat die veelkleurigheid (koloriet)

waarin die Messias Homself laat verkondig het, tot sy reg kom en nie iets daarvan verlore gaan nie.

Messiaanse verkondiging uit Haggai

Van Rooy gaan in sy artikel voort om uit die Ou Testament, met Haggai as voorbeeld, aan te toon hoe die Messias wel op 'n geldige manier verkondig kan word. Hy maak oor Haggai enkele inleidende opmerkings wat vir verdere oorwegings belangrik is. Vir die doeleindes van hierdie reaksie-artikel word by een duidelike voorbeeld stilgestaan. Van Rooy skryf: Die belofte in Haggai 1:13 waar die HERE sê: Ek is met julle, is 'duidelik nie Messiaans van aard in Haggai nie, omdat dit daar gaan oor God se nabyheid tydens die bou van die tempel waarmee die volk begin het (vgl Kessler, 2002:149-150)'.

In die verduideliking van hierdie stelling gaan hy in 5.1 verder deur die agtergrond van die profesie, die moeilike omstandighede met die heropbou van die tempel, kernagtig weer te gee. Hy verwerp Van Groningen se uitleg dat die Messiaanse verkondiging in dié gedeelte op allerlei aspekte van die priesterlike en koninklike ampte berus. Besondere klem wat Van Groningen op die herstel van die koningshuis van Dawid plaas en vanuit hom die Messiasryk wat ontvou word, word deur Van Rooy verwerp. Hy skryf: 'Wat Van Groningen egter doen, is om die sake wat met die wyer definisie verband hou te verbind met die Messias in die enger sin. Hier in Haggai 1 is die herstel van die huis van Dawid glad nie op die voorgrond nie, en daar word ook nie van die persoon van die Messias gepraat nie. Dat die Messias in een persoon koninklike en priesterlike funksies sal uitvoer staan ook glad nie in die teks nie. Van Groningen se lesing is dus 'n voorbeeld van die inlees van die Messias in 'n gedeelte in die Ou Testament waar glad nie op die Messias gefokus word nie'.

Kritiese aantekening

As dit reg verstaan word, verwerp Van Rooy die oënskynde ignorering van die werklike persone en die

direkte historiese gebeure rondom die heropbou van die verwoeste tempel deur die gegewens van die wyer definisie direk met die Messiaanse verkondiging te vereenselwig, sodat die eindresultaat meer lyk na iets van 'n allegoriese transponering van die (kon)teks na Christus toe. Daar behoort gevra te word wat dit is wat die teks self sê, die 'eie boodskap' wat net so met sy direkte historiese bedding verkondig moet word. Dit is egter steeds 'n ope vraag of Van Rooy vir Van Groningen reg verstaan. Tot watter mate is die sogenaamde wyer definisie verwyder van die direkte historiese opset?

Van Rooy se oplossing

Aandag word nou gegee aan hoe Van Rooy self 'n oplossing vir die verkondiging van die Messias bied. Die oorspronklike konteks van die profesie van Haggai moet die vertrekpunt wees. Die profeet rig hom tot mense, die leiers en die volk om hulle prioriteite in orde te kry en eers te doen wat nodig is vir God se koninkryk, terwyl die ander dinge kan wag. Volgens Van Rooy is die boodskap wat die teks self in hierdie verse bied die volgende: 'Dit gaan dus oor wat eerste in hulle lewens moet wees, in hulle omstandighede'. Dit gaan volgens Van Rooy nie hier oor die Messias nie. Die prediker moet eers 'n verdere toepassingslyn deurtrek om by Christus te kan uitkom. Van Rooy stel dit so voor: Jesus het by uitstek die wil van die Vader in die bewerking van die verlossing gesoek deur volkome onderwerping aan God en deur sy hele lewe te fokus op die taak wat Hy, in getrouheid tot die dood toe, moes verrig. Gelowiges moet dus ook God se koninkryk die fokuspunt van hul lewens maak.

Nog kritiese aantekeninge

Wat Van Rooy as korrektief aanbied is om die 'morele' roeping tot getrouheid van destyds te vergelyk met Christus se roeping tot getrouheid later, wat Hy in volmaaktheid volbring het. Die kontinuïteit van die boodskap lê daarin dat ons ook gefokus en getrou in ons roeping moet bly. Dit is duidelik dat Van Rooy nie

glo dat die profesie van Haggai wesentlik in homself 'n verkondiging van die Messias is nie; dat die Messias Homself daardeur laat verkondig nie. So geneem kan dit verstaan word dat in Haggai 1 nie die verlossingsboodskap, die versoeningsboodskap en die koninkryksboodskap opgesluit lê wat as sulks Messiaans is nie. Die Messias kom volgens hom by wyse van vergelyking met die volk aan die orde. Gelowiges kry die opdrag om met dieselfde roepingsbewustheid as wat Haggai aanmoedig, soos wat Jesus later volbring het, ook in hul omstandighede voort te gaan.

In die homiletiek staan hierdie metode as eksemplarisme (of ook moralisme) bekend, omdat die lewewekkende werksaamheid van Christus deur sy versoeningswerk (ook in die Ou Testament reeds – in die skadu van die versoeningsdiens by die tempel gehul) nie die fondasie is waarop die gedragvoorskrif rus nie.

Die voorbeeld wat Van Rooy behandel gee 'n illustrasie van die leerstellige punt waar die paaie oor die Skrifbeskouing van die Ou Testament en daaruit voortgaande die Christologie van die Ou Testament uiteengaan. Vergelyk hiervoor die standpunt van die teoloog, prof Jasper Burden (Unisa) in sy aantekeninge op Psalms 2 en 110 in *Die Bybel in Praktyk*: 'Ons moet daarom nie in hierdie psalms dadelik 'n voorspelling van Christus sien nie, maar weet dat dit 'n latere interpretasie is van die eerste Christene waarin ons vandag natuurlik mag deel' (p 756). Burden skryf by Psalm 110: 'Ons kan egter nie uit die psalms direkte voorspellings oor Christus aflees nie. Ons moet die Psalmbundel as 'n voor-Christelike boek lees' (p 854). Profesie oor die Messias in die psalms beskou hy as 'vermeende verwysings na Christus' (p 854). Die teologiese professor voeg daaraan toe: 'Onthou, dit was 'n interpretasie van die eerste Christene ná die dood van Christus' (p 854).

Die uitgangspunt van Van Rooy doen nie behoorlik verantwoording van die volle geopenbaarde feitlikhede van Haggai 1 se implikasies ten opsigte van Jahwe se verhouding met sy verbondsvolk nie.

Om die gebreke aan te toon word enkele soekvrae oor Haggai 1 gestel:

- Waarom is die tempel ongeveer 70 jare tevore deur Nebukadnesar vernietig?
- Wat is die HERE se bedoeling met sy volk om hulle te laat terugkeer?
- Wat is die verband tussen die HERE se afspraak met sy volk in Deuteronomium 28-30 en dit wat in die tyd van Haggai gebeur?
- Wat het God se genadige bemoeienis met sy volk te doen met die taak en plek van die Messias as ons die dinge in die dae van Haggai in verband bring met God se belofte in Genesis 3:15?
- Waarom is daar by die teruggekeerde ballinge so 'n dringende oproep om prioriteit aan die heropbou van die tempel te gee? Dus:
 - Wat is die presiese plek van die tempel in die lewe van sy volk?
 - Wat het die aanwesigheid van die tempel te doen met God se teenwoordigheid/nabyheid by sy volk en sy volk se bewuste lewe in die teenwoordigheid van die HERE?
 - Wat is die besondere plek wat die Messias het in die verstaan van die genadige, barmhartige, verlossende, opdraggewende en bedreigende teenwoordigheid/nabyheid van die HERE?
 - Watter dinge wat by die tempel plaasvind illustreer die 'Messiaanse' rede waarom die heropbou van die tempel hoogste prioriteit moet kry? Wat het die bediening van die versoening in al sy offers, seremonies en feeste te doen met die lering dat die volk alleen vrede en verlustiging by God het in en deur die plaasbekledende offer en reiniging met bloed in hulle plek?
 - Wat het die heropbouende aktiwiteit van die gemeenskap te doen met die kerkvergaderende werk van God in en deur die gemeenskap van die heiliges, waarin die Messias met sy plaasbekledende offerwerk sentraal staan?

- Wat het die oproep tot heropbou van die tempel vir die doeleindes van die bediening van God se versoening te doen met die egte reformasie van die kerk?

In kort: Omdat die verbondsvolk haar Messias – soos God Hom vir hulle in sy verbond geopenbaar en in die tempel ryklik voorafgeskadu het – en sy verlossende nabyheid deur hulle verbondsbreuk verloën het, daarom het hulle in ballingskap gegaan. Aangesien dit weereens sy 'Messiaanse' nabyheid en genade is wat hulle laat terugkeer het, is dit noodsaaklik dat hulle aan 'sy koningskap en sy geregtigheid' soos dit toe nog in sy tempel tot uitdrukking gekom het, eerste prioriteit moet gee. In laasgenoemde sin vorm Christus, en Hom as die gekruisigde, die sentrale grondmotief van Haggai.

As die profesie van Haggai nie net binne sy eng historiese konteks nie, maar ook binne die verloop van die verbondsgeskiedenis van Israel, die verbondsafspraak met Israel en die inrigting van God se verbondsbemoeienis met Israel bekyk word, lê daar 'n baie sterk Messiaanse verkondiging in Haggai opgesluit. Dit hou verband met hoe God verlos, hoe Hy regeer, hoe Hy tugtig, hoe Hy barmhartigheid bewys, hoe Hy ons salig maak, en hoe Hy ons dankbaar maak; hoe God die volle omvang van sy Messiaanse betrokkenheid by sy volk deur die profesie van Haggai bekend maak. Dit verklaar *hoekom* hulle enigins in die posisie gestel is om *opnuut* die tempel te kan oprig en *waarom* die heroprigting van die tempel met die oog op die instandhouding van die tempeldiens die hoogste prioriteit in hulle lewe moet hê.

Die Messiaanse verkondiging verskaf die groot *heilsindikatief* van die profetiese prediking aan die verbondsvolk. Daarin gaan dit nie soseer daaroor of dit direk of indirek Messiaans is nie, maar dát dit oorspronklik reeds Messiaans is. Wat die HERE verbondsmatig in skaduagtige verkondiging en handelinge destyds met sy volk gedoen het, het Hy in regstreekse daadkrag vir ons in Christus kom volbring. Die skaduagtige Messiaanse verkondiging wat ook

in Haggai verpak lê, verkondig nie alleen sy skaduagtige (maar werklike) lewewekkende werksaamheid destyds alreeds nie, maar ook noodwendig die koms van die Messias in die volheid van die tyd, om ons uit ons doodse bestaan te verlos. God se herlewende werksaamheid vir sy volk kan alleen vir hulle geldig wees in en deur die versoeningsdiens wat by die tempel plaasvind (die taak van die Messias) – die enigste grond van hulle saligheid, waarin die Messias alreeds in Haggai verkondig word. Dit is die rede waarom die heropbouw van die tempel so 'n hoë prioriteit moet kry. Dit gaan nie net alleen oor die *manier hoe* die Messiaanse verkondiging in Haggai verstaan moet word nie, maar ook duidelik oor *die rede waarom* daar in verskillende Nuwe-Testamentiese gedeeltes refleksie is op hierdie waarskuwende belofte uit Haggai met die oog

op die Messiaanse nabyheid. Sy nabyheid destyds by die volk deur die offerdiens, sy nabyheid deur die Messias se eerste koms, asook sy nabyheid by ons al die tyd tot aan die voleinding van die wêreld en ook die nabyheid en geweldige ingryping van sy koms met die voleinding van die wêreld. In die wete van hierdie Messiaanse belofte van sy nabyheid moet ons ons ywerig besig hou met die prioriteit van die kerkvergaderende en kerkopbouwende werk.

By die begin van sy skets op die betrokke paragraaf uit Haggai 1 het Van Rooy geskryf: Die belofte in Haggai 1:13 waar die HERE sê: Ek is met julle, is '*duidelik* nie Messiaans van aard in Haggai nie, omdat dit daar gaan oor God se nabyheid tydens die bou van die tempel waarmee die volk begin het (vgl Kessler, 2002:149-150)'. Hierteenoor moet onomwonde gestel word dat juis dít (van alle dinge) die *duidelike* rede is waarom die teks inderdaad uit die oorsprong daarvan Messiaans van aard is! Dit gaan daar oor God se nabyheid tydens die bou van die tempel waarmee die volk begin het wat op geen enkele ander manier as Messiaans verstaan mag word nie.

Ten slotte

Uit die voorgaande bespreking blyk dat die 2001-omdigters gewerk het

volgens die teologiese uitgangspunt dat Christus nie in die Ou Testament teenwoordig is nie. Naas vele meer begryplike redes wat met die taalkundige moeilikheidsgraad van akkurate omdigting te doen het, vind ons in hierdie betrokke akademiese verantwoording die onaanvaarbare teologiese rede waarom die adviseurs toegelaat het dat tekstmateriaal waarin die Messiasverkondiging ingebed is, in die omdigtingsproses eenkant gelaat is.

Die illustrasie van die prediking uit Haggai het aangetoon dat, wanneer Christus self nie daarin herken en erken word nie, die uiteinde van die prediking nie meer lewewekkende heilsprediking, verbondsprediking is nie, maar moralisme en eksemplarisme. Daarteenoor moet die gereformeerde standpunt gestel word: omdat Christus Homself reeds in en deur die Ou Testament verkondig het, is dit moontlik om te sien dat dit in sy koms vervul is. So kan verstaan word waarom die Nuwe Testament Christus so oorfloedig vanuit die Ou Testament verkondig het, en op so 'n manier die eenheid van die Ou en Nuwe Testament as die Woord van God bely. Christusverkondiging uit die Ou Testament kan alleen waarheid wees omdat Christus reeds daarin vervat is – nie omdat ons, nadat ons dit herinterpreteer het, dit dan op Hom van toepassing maak nie.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: *Waarheid en Dwaling*

Dr GJ Meijer

Ds HLJ Momberg

Dr HS van der Walt

Mev JC de Wind

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 332 4676

e-pos: gerardjmeijer@gmail.com

jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vgl.online.net>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das

Waarheid en Dwaling

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 331 4733 (na 14:00)

e-pos: jdirkdas@absamail.co.za

Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R140 per jaar en addisionele bydraes

kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling

Spaarrekening 9054701904

ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo

Posbus 25316

Gezina,

0031

VGL byeenkomste 2007

Op 3 Maart 2007 het die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel 'n byeenkoms oor heilshistoriese Skrifverklaring gehou. Twee referate is tydens dié byeenkoms gelewer. Mev Alieske Drijfhout het duidelik gemaak hoe die Bybel heilshistories aan jong kinders vertel word. Prof Victor d'Assonville het op heilshistoriese Skrifverklaring op die kansel en in die katkisasielokaal ingegaan. Hy het Christus se verheerliking op die berg hierby as vertrekpunt geneem.

Die neerslag van die referate is in die Maart-uitgawe van *Waarheid en Dwaling* gepubliseer. Dit is vanaf einde April op die VGL se webwerf

besikbaar. Die verrigtinge is ook op CD verkrygbaar. Dit kan teen R20,00 per stel van 3 CD's (verpakking en posgeld uitgesluit) aangekoop word. Die CD's kan by jokedewind@gmail.com bestel word.

Op 14 en 15 September 2007 gaan daar DV verder oor heilshistoriese Skrifverklaring besin word. Die referate wat gelewer word sal uit 'n teologiese invalshoek kom. Die plan is dat dit wel só aangebied word dat dit ook vir die gewone lidmaat verstaanbaar en opbouend sal wees. Meer besonderhede oor die byeenkoms sal binnekort bekend gemaak word.